# IN MEMORIAM

## DR G D SCHOLTZ, 15.8.1905-10.7.1983*

'n Vriend van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, wat ook in *Historia* gepubliseer het, het heengegaan: dr G D Scholtz, die Ranke van Afrikanergeskiedskrywing. Hy het buite die akademie om, op die hardepad van oorlogsweë en selfvorming historikus geword en gebly, wat sy joernalistieke loopbaan ingrypend beïnvloed het, maar hy het deur eksterne studie tegelyk ook regsgeleerde en staatsleerkundige geword, wat sy geskiedskrywing ook ten goede gekom het. Hoewel Afrikanergebonde was dit sy hoogste strewe om die waarheid van die historiese werklikheid vas te stel en die hoogs moontlike graad van objektiwiteit in sy weergawe daarvan te bereik.

Sy visie op die verlede van Suid-Afrika is deur huislike invloed — godsdienstig en nasionalisties — en politieke ervaring gevorm: die Anglo-Boereoorlog, 'n stryd tussen Botha, Hertzog en Smuts, die Rebellie, Afrikanerarmoede, volksverdeeldheid, imperialisme en die republikeinse strewe. Sentraal in sy denke was die Afrikaner: sy belange, sy strewe na selfbeveiliging teen bedreiginge, sy onkunde oor eie toestand en posisie in Suid-Afrika, sy gemaksug en strewe na materiële welvaart en genot wat hom van swart arbeid laat gebruik maak het, terwyl hy 'n beleid van "segregasie" en "apartheid" gevoer maar tegelyk ekonomiese integrasie beoefen het, dus 'n teenstrydige onmoontlikheid wou bewerkstellig. Uit vrees vir ondergang van sy volk as gebiedskeiding nie daadwerklik deurgevoer word nie, het Scholtz die voorgeslagte voor die regbank van die geskiedenis gedaag en hulle historiese foute veroordeel — onder andere die plasing van die indiwidu bo die volk en sy toekoms deur die gebruikmaking van nie-blanke arbeid. Dit het 'n pragmatiese trek in sy werk oor die geskiedenis van rassebetrekkinge gebring. Die verswakking van die Weste met die Tweede Wêreldoorlog, dekolonisasie en die opkoms van die Derde Wêreld, die neo-liberalisme, die kommunisme en die Ooste het Scholtz tot bekommernis oor die toekoms van sy volk gestem, en ter wille van selfbehoud en oorlewing in 'n wêreld van internasionalistiese dwang, wou hy die Afrikaner se onkunde verdryf deur hom in te lig met ondersoek na sy posisie in Suid-Afrika en die wêreld. As hy die wording van die interne rassevraagstuk kon verstaan en hoe die internasionale politiek werk, sou dit syns insiens die Afrikaner se oorlewing help bevorder.

Maar Scholtz wou ook die Afrikaner self verstaan deur hom histories te verklaar: sy wording en sy stryd. Hy wou hom inlig oor wat hom te doen staan om ná 1948 sy identiteit in sy betwiste vaderland blywend te handhaaf. Biologies en kultureel wou Scholtz die Afrikanervolk deur die bepleiting van Gereformeerde Hollanderimmigrasie versterk. Ook wou hy die aandeel van die Afrikaner in die landsekonomie sien verbeter en hom aanmoedig om die see te bevaar en te ontgin. Om die ellende te verstaan wat die Afrikaner ná 1902 getref het, het hy die oorsake van die Anglo-Boereoorlog en die Rebellie ontleed en historiese figure soos Beyers, Van der Merwe en Verwoerd behandel. Ook kerkgeskiedenis het aftrek gekry. Scholtz se agt bande geskiedenis van die politieke denke van die Afrikanervolk bied 'n "totale" beeld van Afrikanerlewe van 1652 tot 1948 aan, en is 'n toonbeeld van volgehoue harde arbeid wat vir hom 'n lewensdrang en roeping was. Hy was 'n skeppende onvermoeide historikus, wie

---

* Vir besonderhede oor G D Scholtz kyk F A van Jaarsveld: "Historikus van en vir die Afrikaner" *Historia* Sept 1975, pp 88-113; *Die Evolusie van Apartheid* Tafelberg 1979, pp 90-121; *Beeld*, 11.7.1983, p 6 en *Die Transvaler*, 11.7.1983, pp 1 en 13.

se geskiedskrywing deur die praktyk van die joernalistiek en sake van die dag beïnvloed is.

Parkinsonsiekte het Scholtz weerhou om sy lewenswerk oor die Afrikaner se politieke denke te voltooi, waaroor hy hartseer was. Daar is sovele boeke wat hy hom voorgeneem het om nog te skrywe. Een daarvan het hy met my in 1956 bespreek nl oor "die plek van die geskiedenis in die intellektuele lewe van die mens" of "die lewensbeskouing van 'n historikus," wat sy eie omgang met die geskiedenis moes weerspieël. Met 'n besondere "skool" wou Scholtz nie geassosieer wees nie, daarvoor was hy te veel van 'n individualis. Die mens se bestaan of lewe het hy gesien as die heel voorste punt van 'n oneindige lang tou. Sonder om langs dié tou af te beweeg na die vroegste oorspronge, kon geen historikus 'n volledige beeld van die mens se verlede kry nie. Om dié rede het Scholtz derhalwe argeologie gelees wat hom na die antropologie gelei het en dié na die paleontologie, geologie, astronomie en kosmografie. Hy het geglo dit gee hom 'n ruimer blik en beter perspektief op die mens wat aan die nietige, stoffie, aarde kleef. Hy wou alles wat deur God geskep is nie in isolasie sien nie, maar as een groot, samehangende geheel. Volgens Scholtz kan die historikus die doel van God met die mens nie peil nie en nooit sê wat 'n bepaalde doel met die geskiedenis is nie, want dit is so groot dat dit vir die mens verborge bly; miskien sou, volgens Scholtz, die graf dit eendag tot openbaring bring. Scholtz het hom op 'n Bybelse standpunt gestel, in die sin van Paulus se kyk deur 'n spieël in 'n raaisel. Sy totaliteitstrewe blyk uit sy geskiedbeskouing wat o a gestalte gevind het in sy geskiedenis van die politieke denke van die Afrikaners, waarin die politiek nie los van rassebetrekkinge, die ekonomie, kultuur en kerk gesien word nie.

Om sy enorme kennis op te bou, het Scholtz altyd aan meer as een boek tegelyk gelees, en verskillende onderwerpe op verskillende tye bestudeer, wat afwisseling gebring en geestesvermoeidheid uitgeskakel het. Oosterse geskiedenis, kultuur en filosofie het hom net soveel as dié van die Weste geïnteresseer. Dit is jammer dat hy nie 'n uitgewer vir sy vier bande Oosterse geskiedenis kon kry nie. Scholtz het ook oor die militêre geskiedenis en strategie gelees, maar veral staatsleer. Van sy geliefde skrywers was oa sir Ernest Barker, Ranke, Huizinga, Toynbee, Mommsen, Butterfield, Ritter, Valentin en Romein. 'n Kennis van Duits en Frans het sy ervaringsveld verruim. Hy was ten slotte baie lief vir musiek. Beethoven, Wagner en Verdi was van sy geliefkoosde komponiste.

Van hierdie beskeie mens wat hom van die sosiale lewe afgesonder het ten einde te kan lees en dink — dinge wat feitlik elke oomblik van sy vrye tyd in beslag geneem het — word nou afskeid geneem. Ongelukkig bly sy werk onvoltooid soos die Skepping self. Sy lewe het nou in 'n koerantberig gestol. Hy het self deel van die geskiedenis geword, waarmee hy verweef was en wat hy so vuriglik bestudeer het met die doel om die Afrikaners as afsonderlike kultuurgroep literêr en akademies op die kaart te help plaas, en vir hulle 'n toekoms te help verseker.

Wie biografies oor die lewe, werk en plek van Scholtz wil skryf, sal 'n belangrike, maar onbenydenswaardige taak hê: hy het nie sy persoonlike korrespondensie bewaar nie en sy artikels en menings-van-ons-lesers-briewe en verslae oor sy openbare optredes lê wyd in koerante en tydskrifte versprei. Sy meningsvorming van die publiek en advies vir politici is werklikhede wat nie maklik vasgestel of gepeil kan word nie. Sy bydrae tot die ontwikkeling van die gees, denke en optrede van die Afrikaner was nie gering nie. As geesteswetenskaplike het hy 'n reuse bydrae in Afrikanerbelang gelewer, en gehelp om begrip van en vir sy kultuur- en geesgenote te skep. Omdat sy boeke nie in Engels vertaal is nie, het hy nooit buitelandse erkenning gekry nie. Die eredoktorsgraad wat

in 1981 deur die RAU hom aangebied is, was 'n bekroning van sy onvoltooide geskiedenissimfonie.

*F A VAN JAARSVELD*



*Dr J J van Tonder*

**DR J J VAN TONDER, 2.1.1905-30.7.1983**

By die dood van dr J J van Tonder op 78-jarige ouderdom in die Krugersdorpse Moriasentrum vir Bejaardes, neem die Redaksie van *Historia* en die Historiese Genootskap van Suid-Afrika afskeid van sy ere-voorsitter, wat as stigterslid in 1955 voorsitter geword, en dit tot met sy sewentigste jaar in 1975 gebly het. Vir byna 21 jaar het hy met entoesiasme leiding aan die Genootskap gegee.

As kultuurmens wat betrokke was by die stigting van die FAK, en wat die Transvaalse Onderwysersvereniging en verskeie kultuurliggame gedien het, was dr Van Tonder 'n beweegkrag agter die stigting van die Historiese Genootskap, wat hom ten doel gestel het om die verval van geskiedenis op skool te help stuit en die belange van dié vak by die publiek te dien. Dr Van Tonder het geskiedenis op skool veral deur *Historia Junior* gedien waarvan hy jarelank redakteur was. Sedert 1961 het hy ses publikasies oor historiese monumente en gedenktekens uitgebring naas talle radiopraatjies, tydskrifartikels en skoolbesoeke wat oor geskiedenis, taal en volkekundige studies handel. Sy lang onderwysloopbaan is met 'n inspekteurskap bekroon wat hom in staat gestel het om die belange van geskiedenis des te beter te kon dien. Sy entoesiasme was aansteeklik.

Die Redaksie van *Historia* en die Hoofbestuur van die Historiese Genootskap spreek sy medelye uit met dr Van Tonder se naasbestaandes, en betuig sy dank vir die werk wat hy so onbaatsugtig in die belang van die geskiedenis van ons land gelewer het. Selfs na sy uittrede as voorsitter, en in sy hoedanigheid as ere-voorsitter, het dr Van Tonder steeds belangstelling in die Genootskap getoon. Besonderhede oor sy lewe verskyn in *Historia,* September 1976, pp 91-99, wat met sy uittrede as voorsitter opgestel is. Dr J J van Tonder kan met reg die vader van die Historiese Genootskap en van sy geesteskind, *Historia,* genoem word.

*F A VAN JAARSVELD*